higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MOTORBAKWERKTEORIE N1

(11040561)

28 November 2023
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

143Q1E2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MOTORBAKWERKTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



1.1 Verduidelik wat jy onder die term *veiligheid in die motorbakwerkwerkwinkel* verstaan. (4)

1.2 Hoe moet 'n oksiasetileenvlam geblus word? (2)

1.3 Wat is die doel van 'n verkoeler? (2)

1.4 Noem TWEE dele op die venstermeganisme wat gewoonlik afslyt. (2)

1.5 Noem VIER voordele van sweissoldering. (4)

1.6 Verduidelik die verskil tussen 'n *inkoolvlam* en 'n *oksideervlam*. (4)

1.7 Noem enige TWEE soorte werk wat met 'n elektriese skuurmasjien gedoen kan word. (2)
[20]

VRAAG 2

2.1 Wat is die verskil tussen *sweissoldering* en *sweising*? (4)

2.2 Noem DRIE soorte sweisvlamme en gee EEN gebruik van elkeen. (6)

2.3 Definieer *hardvlakking*. (2)

2.4 Veiligheid kom eerste in 'n motorbakwerkwinkel. Bestudeer die figuur hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Noem AGT voorsorgmaatreëls vir die gebruik van hierdie hoëdruktoestel. (8)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem TIEN sproeispuittegnieke. (10)

3.2 'n Swaar klip het 'n duik in die dak van 'n motor gemaak, wat die metaal laat rek het.

Beskryf in detail hoe hierdie gerekte stuk met die warmkrimpproses afgewerk kan word. Die kapvoering is reeds verwyder. (10)
[20]

VRAAG 4

4.1 Jy, as 'n motorbakherstelwerker, het so pas klaar 'n motor met 'n sproeispuit geverf.

Beskryf stap vir stap hoe jy die sproeispuit sal skoonmaak. (10)

4.2 Beskryf die verskil tussen *asetileensilinders* en *suurstofsilinders*. (6)

4.3 Verduidelik hoe jy 'n verkoeler vir lekkasies sal toets. (4)

[20]

VRAAG 5

Die enjinkap van 'n motor is tydens 'n donderstorm beskadig. Dit is reeds herstel en moet weer met selluloselakvernis gesproei word.

Beskryf die prosedure in detail van voorbereiding tot waar die verf met 'n hoëglansafwerking aangesproei word. **[20]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou